

13 Mei

Skrifgedeelte: Markus 16:9-16

Fokusgedeelte: DL, 1:4

Net dié wat glo word gered!

As ek 'n sondaar is (en ons almal is!), hoe kan ek van God se oordeel bevry word? Die antwoord hierop is klokhelder: Glo in Jesus Christus! Die toorn van God bly op mense wat die evangelie nie glo nie. Maar as jy die evangelie aanneem en in Jesus Christus glo, verlos Hy jou van die toorn van God en van die verderf en skenk Hy aan jou die ewige lewe!

Sonder die ware en lewende geloof kan niemand gered word nie, want hierdie geloof bind jou aan Jesus Christus. Sonder Jesus Christus kan niemand gered word nie, want Hy is die enigste ware Verlosser. Markus 16:16 sê baie duidelik: "Wie tot geloof gekom het en gedoop is sal gered word; wie nie glo nie sal veroordeel word."

Hierdie is 'n harde saak vir die wêreld om te aanvaar: "... wie nie glo nie sal veroordeel word." Hoe die wêreld ook al hierteen skop, dit is wat God in sy Woord sê. Die wêreld protesteer so verwoed daarteen dat mense wat nie in Jesus Christus glo nie vir ewig verlore gaan dat hulle die oplossing nie raaksien nie: "Wie tot geloof gekom het en gedoop is sal gered word ..."

Daar is dus 'n uitweg, maar daar is net één uitweg. Daar is geen ander pad na verlossing en vergewing nie. Daar is geen ander pad na die ewige lewe nie. Daar is maar net die een pad, die pad van geloof in Jesus Christus.

As u in Jesus Christus glo en gedoop is, dan het u klaar die enigste regte pad gekies. Loop dan hierdie pad met volharding en dank God dat Hy u gelei het om die regte keuse te maak!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~